higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT

MOTORBAKWERKTEORIE N1

(11040561)

22 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

145Q1E2222

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT
MOTORBAKWERKTEORIE N1
TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae met aandag deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Skryf met slegs 'n blou of swart pen.
5. Begin elke vraag op 'n skoon bladsy.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1 Watter deel van 'n verkoelingstelsel stoor en verkoel water?

A Waaier
B Verkoeler
C Enjin
D Pomp

1.2 Dit hou 'n voertuigdeur toe sodat passasiers altyd veilig is.

A Handvatsel
B Deurrubber
C 'Mate'
D Deurslot

1.3 Dreineer elke dag die water in die stelsel om die gebruiksduur daarvan te verleng. Die gehalte van die lug sal ook beter wees.

A Lewer meer lug
B Verstel vir die regte spuitpatroon
C Kompressor
D Maak die paneel nat met water

1.4 Hoewel dit nie brandbaar is nie, bevorder dit verbranding.

A Gas
B Stikstof
C Suurstof
D Petrol

1.5 Verduidelik hoe 'n duikklopper verf moet aanspuit:

A Van links na regs
B Van bo na onder
C Sigsag
D Net soos jy wil

1.6 Die term smeltsweising beteken:

A Metale word tot die normale temperatuur verhit.
B A en B.
C Die proses waarvolgens hitte geabsorbeer word.
D Die proses waarvolgens metale saamsmelt.

1.7 Terugvonking kom voor wanneer gassweising gedoen word. Dit gebeur wanneer ...

A die sweisstuk te naby die spuitstuk is
B die spuitstuk nie korrek is nie
C die druk nie korrek is nie
D al die bogenoemde

1.8 Die onderkant van 'n deurpaneel toon in die middel tekens van roes. Hoe sal jy dit regmaak?

A Sny die verroeste gedeelte uit en vervang dit.
B Wend bakvulsel op die verroeste deel aan.
C Wend silikon op die verroeste deel aan
D Geen toepaslike antwoord nie.

1.9 'n Gebuigde deur word herstel deur ...

A dit op 'n houtblok te plaas
B met water en seep te was
C daarop te staan
D die slot te vervang

1.10 Nadat 'n verkoeler gelap is, moet dit getoets word om te kyk ...

A of rook nie daaruit trek nie
B hoeveel water in die tenk nodig is
C of dit steeds lek
D geen van die bogenoemde nie

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Toon aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf. Gee EEN rede vir elke antwoord.

2.1 Dra altyd beskermende klere as jy in 'n werkswinkel werk.

2.2 Elektriese en pneumatiese slypmasjiene word vir bakwerk gebruik.

2.3 'n Werkswinkel moet skoon en netjies wees sodat veiligheidsregulasies nagekom kan word.

2.4 'n Suigwaaier is onbelangrik wanneer spuitverfwerk gedoen word.

2.5 As 'n verfspuit te ver van die oppervlak gehou word, sal die verf loop.

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

Kies 'n term uit KOLOM B wat pas by 'n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–J) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Die soldeerlood word daarmee verhit as 'n paneel gesoldeer word	A	bok
3.2	Dit dien as 'n oplosmiddel vir verf	B	pneumatiese gereedskap
3.3	'n Onderstel word daarmee reguit gebuig	C	smeltmiddel
3.4	Hoofligte word daarmee ingestel	D	duik
3.5	Brande word daarmee geblus	E	hoë elektriese spanning
3.6	Dit stut 'n opgedomkragte voertuig	F	onderstelregbuiger
3.7	Dit verwyder onsuiwerhede gedurende sweis-soldeerwerk	G	kopligrigter
3.8	Wisselstroom (WS)	H	verdunner
3.9	Skade aan 'n bakwerkpaneel	I	brandblusser
3.10	Gereedskap wat met lug werk	J	soldeerbout

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Voltooi die volgende sinne deur slegs die ontbrekende woord of woorde langs die vraagnommer (4.1–4.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

4.1 'n Lekkende brandstof... moet skoongemaak en die gat moet geseël word.

4.2 Dra altyd 'n ... helm as jy sweiswerk doen.

4.3 Gebruik 'n ...blok om skuurpapier te ondersteun of vas te hou.

4.4 As ... of olie op die vloer gemors is, moet dit dadelik skoongemaak word om beserings te voorkom.

4.5 Gassilinders moet ... in 'n trollie staan en met 'n ketting vasgebind word.

(5 × 1) **[5]**

TOTAAL AFDELING A: 30

Kopiereg voorbehou

AFDELING B

VRAAG 5

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



5.1 Benoem die onderdeel in die prent hier bo. (2)

5.2 Met watter soort materiale en gereedskap word hierdie taak verrig? (3)

5.3 Noem DRIE soorte vlamme in gassweising. (3)

5.4 Verduidelik die probleem wat hierdie taak nodig gemaak het. (3)

5.5 Noem die vier stappe wat gevolg word om hierdie herstelwerk te doen. (4)

[15]

VRAAG 6

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



6.1 Watter soort vloeistof word in 'n porta power gebruik? (2)

6.2 Benoem die onderdele (1–12) van hierdie stuk gereedskap. (12)

6.3 Verduidelik die werking van hierdie stuk gereedskap. (8)

6.4 Soos die twee pyle A en B aantoon, trek of stoot dit. Watter werking toon die pyle aan? (3)
[25]

VRAAG 7

Lees die scenario hier onder en beantwoord die vrae.

Die regterdeur van 'n Toyota Corolla-sedan is onderaan verroes.

Verduidelik hoe jy die deur met 'n stuk plaatmetaal sal lap. **[20]**

TOTAAL AFDELING B: 60

AFDELING C

VRAAG 8

Bestudeer die prent hier onder en beantwoord die vrae.



8.1	Benoem die dele wat A, B en C gemerk is.		(3)
8.2	Noem TWEE funksies van 'n verkoelerdop.	(2 × 2)	(4)
			[7]

VRAAG 9

9.1	Noem TWEE voordele en nadele van 'n buisvormige verkoelerkern.	(4 × 2)	(8)
9.2	Onderskei kortliks tussen regs- en linkssweising.	(3 × 2)	(6)
9.3	Watter gereedskap en hulpmiddels is vir krimping nodig?		(4)
9.4	Noem VYF stukke gereedskap wat algemeen in 'n bakwerkwinkel gebruik word.		(5)
9.5	Noem TWEE soorte lasse.		(2)
			[25]

TOTAAL AFDELING C: 45
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou